

24 Augustus

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:6-20
Fokusgedeelte: Efesiërs 5:18c-20

Liglewe met die Gees vervul

In Efesiërs 5:3-7 sê Paulus dat gelowiges niks te doen moet hê met onsedelikheid, seksuele sondes en ligsinnige seksuele praatjies nie – dit pas nie by God se kinders nie. Moet ook nie maak asof hierdie sondes nie so erg is nie, want deur ligtelik oor seksuele en ander sondes te praat, bring jy die eenheid en effektiwiteit van die gemeente in gedrang.

Vóór jou wedergeboorte en bekering het hierdie selfgerigte sondes (duisternis) jou lewe oorheers (vs 8). Maar nou, *in die Here*, is jy lig. Omdat die Heilige Gees jou lewe verander en nuut gemaak het, kenmerk duistere praktyke en praatjies nie meer jou lewe nie. Gelowiges se lewe – teenoor ongelowiges s'n – moet soos dag en nag verskil! Hulle wat nie in die regte verhouding met die Here lewe nie, moet deur jou en my as gelowige se voorbeeld as't ware uit die slaap geruk word – na Christus toe! Daarom moet jy versigtig lewe dat jy nie Jesus Christus as jou Koning deur jou halfhartige voorbeeld en lewe onder verdenking plaas deur kompromieë met die sondige wêreld aan te gaan nie.

Moenie vol drank wees nie, maar "... *laat die Gees julle vervul, en sing onder mekaar Psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.*" Wees bereid om jou deur die Gees te laat vul (wees "onderdanig" aan die Heilige Gees – vgl. vs 21-22)!

Psalms, lofsange en ander liedere wat op God en sy eer gerig is, sal jou lewe kenmerk! Oorvloedige dankgebede en 'n dankbare lewe sal uit jou optrede vloei. In voorspoed en teëspoed is God besig om jou en my as sy kinders meer en meer te vorm na sy beeld, te vernuwe na die beeld van ons Here Jesus Christus! Wees bereid daartoe!

Sing: Skrifberyming 14-1:1-3

Ds. OA Oosthuizen (Windhoek-Suid)